# DIE HUISGENOOT

## Geïllustreerde Weekblad

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen.* *Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad.*

DEEL XVIII, No. 598.] 8 SEPTEMBER 1933. GEREGISTREER AAN DIE HOOF-POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD. [PRYS 4D.


## Waarom „Eisteddfod"?

By al die waarderende dinge wat daar van tyd tot tyd oor die Kaapstadse Afrikaanse Eisteddfod gesê en geskryf is — ook in blaaie buite die Kaapprovinsie — word daar amper klokgereeld gespot oor of kritiek uitgeoefen op die naam waaronder hierdie bloeiende kunsvereniging bekend staan. Selfs 'n gewaardeerde ondersteuner wat verlede jaar die openingsrede gehou het, kon maar nie genoeë neem met die vreemde benaming nie en het spottend gewaag van die die Afrikaanse meervoudvorm wat 'n mens geneig is om daaraan te gee. En aangesien *Die Huisgenoot* van die begin af teenoor die Eisteddfod min of meer die rol van peetvader vervul het, sal dit ons seker vergun wees om hier een en ander te sê oor die ontstaan van die vreemde naam en die redes waarom dit behoue gebly het.

Die Afrikaanse Eisteddfod het sowat sewentien jaar gelede ontstaan as klein onderdeel van 'n Engelse onderneming wat dieselfde doel nagestreef het en, soos 'n mens kan verwag, met 'n Walliese naam gedoop is. Wyle mev. Luyt, die begaafde musiekkritikus, is deur die Engelse organisasie uitgenooi om op hul komitee te dien vir musiek, en sy het ook die voorskrifte help verskaf vir die Nederlandse afdelings. In 1917 het sy die hulp van die Afrikaanse onderwysers en onderwyseresse ingeroep. 'n Klompie het meegehelp, maar hulle het nie seggenskap gehad in verband met die aanstelling van beoordelaars e.d.m. nie, en hulle kant van die werk het ook in ander opsigte nie tot sy reg gekom nie. Na etlike jare se moeilikhede het mev. Luyt dit verkry dat die Afrikaanse voorskrifte deur 'n komitee van Afrikaanse onderwysers opgestel sou word en dat al die reëlings in verband met hierdie afdeling in hulle hande sou wees. Maar nog het hulle geen verteenwoordiging in die bestuur gehad nie. Die Afrikaanse komitee het sy eie pryse — waaronder ook 'n aantal bekers — verskaf en deur sy invloed 'n groot aantal inskrywings gekry, maar selfs toe het die dinge nie reg geloop nie. Intussen het die bekers 'n deel van die Engelse Eisteddfod se besittinge gevorm en dus is hulle ook van Engelse opskrifte voorsien.

Dit het so getref dat die Engelse Eisteddfod in 1927 nie in staat was om sy werksaamhede voort te sit nie. Toe was dit die klompie Afrikaners se kans, en *nog as deel van die Engelse liggaam* het hulle die gewaagde sprong gedoen en 'n suiwer Afrikaanse Eisteddfod uitgeskryf — met musiek en al — en dit was 'n volslae sukses. Die volgende jaar wou die Engelse afdeling weer 'n kunswedstryd uitskryf wat albei seksies sou insluit, maar die Afrikaners wou voldoende verteenwoordiging op die beherende liggaam hê, wat hulle egter geweier is. Toe het hulle besluit om alleen aan te gaan en hul afsonderlike liggaam te stig. Hulle is dus eintlik afgestigte broeders, en die naam is vir hulle 'n aandenking van die ontstaan van die afsonderlike Afrikaanse organisasie. Soos een van die bestuurslede aan ons gesê het: „Laat ons so seker van onsself wees dat ons nie bang hoef te wees vir die skyn nie. In hierdie geval is die Walliese benaming geen oneer nie. Inteendeel. Ek weet nie van Afrikaners wat hul stamregisters verander om te wys watter goeie Afrikaners hulle is nie!"

Dit wat die historiese sy betref. Prakties was daar die oorweging dat 'n groot aantal waardevolle bekers reeds van inskripsies voorsien was. Maar ons meen tog dat die betekenis van die „stamregister" by die leiers die deurslag gegee het.

* * *

### DIE WEDSTRYDE.

Die afgelope Eisteddfod het, afgesien van die rekord wat daargestel is ten opsigte van die inskrywings, ook uit 'n kunsoogpunt in die meeste afdelings vooruitgang vertoon op vorige jare. Die musiek was ongetwyfeld een van die glanspunte. In die solo-afdelings was daar wel nie sulke prestasies as in die verlede nie, maar daarteenoor staan dat daar 'n groot aantal baie belowende stemme aan die lig gekom het. Baie was nog onryp en nie afgerond genoeg nie, maar die belofte was daar, en dit is per slot van rekening waarna gestreef word. Die kore was egter veel beter as ooit tevore. Daar was b.v. sewe kore in die afdeling vir volwassenes en meer as 'n dosyn kinderkore, en die beoordelaars was besonder geesdriftig oor die gehalte van die gelewerde werk.

Die gesamentlike werk was in die algemeen veel beter as ooit tevore, en so groot was die aantal goeie ensemble-nommers dat die bestuur groot moeilikheid gehad het met sy keuse vir die pryswinnerskonsert. Die amateur-orkes wat vanjaar opgetree het, verdien spesiale vermelding. Dit het uit meer spelers bestaan as die Kaapstadse orkes, en die besit van 'n beroepsorkes van daardie gehalte sou selfs een van ons groot stede geen oneer aandoen nie.

In die afdeling voordrag was dit opmerklik dat, in die algemeen gesproke, die beste werk gelewer is nié deur die grootmense nie, maar deur kinders van so min of meer tussen twaalf en sestien. Ook hier is buitengewone belofte aan die dag gelê, en wat stemgebruik en tegniek betref, is daar groot vooruitgang gekonstateer. In die toneelspel het die jongspan ook uitgeblink en werk van besonder hoë gehalte gelewer. In die ope klasse was daar nie die afgeronde spel wat ons in die verlede gesien het nie, maar dit was waarskynlik aan buitengewone omstandighede te wyte.

In die afdeling vir hande-arbeid was dit ook weer die jongspan wat uitgeblink het. In modelleer-, teken- en houtwerk het klein kleuters van nog geen tien jaar nie werk gelewer wat 'n mens verbaas laat staan het, en 'n mens het die tentoonstelling verlaat met 'n diepe indruk van die toekomsmoontlikhede wat daar in die jongspan skuil. Die naaldwerk was egter nie so goed as by vorige geleenthede nie, en tevergeefs het ons gesoek na die name van A.C.V.V.-takke wat in die verlede op hierdie gebied uitgeblink het.

* * *

Die verslae van die beoordelaars in die afdelings letterkunde en komposisie word eers later openbaar gemaak, dus kan ons hieromtrent geen mededeling doen nie. In die musiekafdeling het die uitvoering van 'n toneel uit 'n opera vanjaar ontbreek, maar die ander afdelings het ruimskoots hiervoor vergoed. Dit was interessant om op te merk dat daar so baie Engelssprekende deelnemers was. In een klas in die afdeling elokusie was vier uit die vyf pryswinners b.v. kinders wie se huistaal Engels is. Ons wil hieruit geen buitengewone gevolgtrekking maak nie, maar op sy minste was dit vir almal 'n groot verrassing.

'n Treffende kenmerk van die Eisteddfod was dat 'n groot aantal van die pryswinners leerlinge was van persone wat hulle vroeër onderskei het in verband met die wedstryde. Dit is wat 'n mens verwag en tewens 'n treffende bewys van die invloed wat van die Eisteddfod uitgaan.

Gebrek aan ruimte laat ons nie toe om meer as 'n oorsigtelike beskouing aan die belangrike werk van hierdie organisasie te wy nie. Ons kan egter nie sluit sonder 'n woordjie van waardering aan die klein klompie wakker Afrikaners wat hulle jaar na jaar so onbaatsugtig afsloof om die werk in verband met die Eisteddfod voort te sit en uit te brei nie. Ook die donateurs — en hul getal is ook betreklik gering — verdien innige dank, want as die middele nie daar was nie, dan sou die sukses seker oneindig kleiner gewees het.

## *GEBED*

(EMIL RITTERSHAUS)

Ek smeek nie om geluk of voorspoed nie,  
ek vra ook nie verganklik' aardse goed;  
gee, Ew'ge, as die lewenstorme bruis,  
my gees slegs krag, my hart slegs moed.  
Laat my die weg van reg steeds gaan  
in lentelug of as die storme woed;  
en *dit* smeek ek bo al, o God,  
dat U diegene wat ek min, behoed.

D. C. ROSSOUW.

---

In ons volgende uitgawe begin ons in die afdeling *Vir die Jongspan* 'n nuwe vervolgverhaal: *Johanna van Navarre*, deur A. Maree. Die verhaal loop vanaf die geboorte van Johanna, Koningin van Navarre, die klein koninkrykie in Suid-Frankryk, op 7 Januarie 1528 tot aan die Bartolomeus-nag, 24 op 25 Augustus 1572. Dit is die aanvang van die geskiedenis van die Hervorming in Frankryk, waar die aanleidende oorsake van die vlug van die Hugenote, ook na Suid-Afrika, gevind word. Die gegewens is suiwer geskiedkundig, maar die verhaal is só onderhoudend vertel dat ons daar nie aan twyfel nie dat ons jong lesers, afgesien van die leersaamheid, met graagte die stuk sal lees. By elke hoofstuk gee ons een of meer afdrukke van portrette van die vernaamste persone wat in die stuk voorkom.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012